

12 JANUARIE 2017

Omsendbrief 01/2017

**Geagte Ouers/Voogde**

Success is actually a short race, a sprint  
fuelled by discipline just long enough for habit  
to kick in and take over

- Gary Keller-

**1. Verwelkoming**

Welkom terug aan ons personeel en leerders vir 2017. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan ons nuwe leerders en personeel wat by ons aansluit.

*Die nuwe personeel is:* Mnr Chris Greeff en Mnr Renier van Wyk (albei Hoërskool), Mnr Johan Lombard - Gr 5, Me Febe Ebersohn van die Laerskool na die Hoërskool en Me Anke Basson - Spraakterapeut.

Geluk aan Mnr Jaco Mitton en Me Dorette de Lange wat in die huwelik getree het. Ons glo hulle gaan baie gelukkig saam wees. Ons sê ook geluk aan Me Dalinda Somers met haar verlowing.

**2. Inligtingsaande (16 - 19 Januarie 2017) - 18:30**

Ons inligtingsaande is vanaf 16 Januarie 2017 tot 19 Januarie 2017. Ons versoek dat al ons ouers die vergaderings sal bywoon om inligting te kry vir die nuwe jaar.

Onderwysers sal ook dan voorgestel word. **Die aande begin om 18:30.**

16 Januarie - Grondslagfase Gr 1 - 3

17 Januarie - Intermediêrefase Gr 4 - 6

18 Januarie - Seniorfase Gr 7 - 9

19 Januarie - FET Gr 10 - 11

23 Januarie - Gr 12

**3. Buskaartjies en skoolgelde**

Dit is betaalbaar by Me Rina la Grange. Leerders moet buskaartjies kry en sal nie daarsonder op die bus toegelaat word nie.

**4. Subsidies**

Ouers mag aansoek doen vir subsidie vir skoolgelde. Indien ons geen aansoeke ontvang nie sal ouers verantwoordelik wees vir die volle bedrag. **Let Wel:** *Subsidie word toegestaan op grond van 'n glyskaal wat deur die Departement verskaf word.*

**5. Afsprake**

Ons versoek ouers om afspraak te maak om die personeel te kom besoek. Ons kan ongelukkig nie toelaat dat die personeel hulle klasse verlaat tydens klastyd vir dié rede nie. Die adjunkhoofde gee ook klas, maar is meer beskikbaar indien 'n afspraak gemaak moet word.

6. **Skooltye**

Leerders moet hou by die skooltye en ouers word versoek om hulle kinders **betyds** af te laai.

Die skool begin **stiptelik** om **7:30** en sluit om **14:00**. Indien daar 'n probleem is vra ons dat u persoonlik sal skakel of kantoor toe sal kom. Afsprake by dokters ens. moet asb. na skoolure gemaak word.

7. **Klerebank**

Skoolklere kan ook by die skool se klerebank gekoop word. Nuwe truië en tweedehandse klere kan by Me Rina La Grange verkry word.

8. **Gedragkode**

Ons verwag dat alle leerders volgens die gedragkode geklee sal wees. Seuns moet ook geskeer wees en hulle hare volgens die reëls. Ons versoek dat ouers ons sal help en dat al ons leerders die gedragkode sal nakom.

Ons vertrou dit sal 'n wonderlike jaar wees. Ons beste wense en gebede vergesel u vir 2017.

Groete

---

**Mnr T Groenewald**  
Hoof

---

**Mnr C van Wyk**  
Adjunkhoof - Hoërskool

---

**Me A Niehaus**  
Adjunkhoof - Laerskool

**12 JANUARY 2017****Circular 01/2017****Dear Parents/Guardians**

Success is actually a short race, a sprint  
fuelled by discipline just long enough for habit  
to kick in and take over

- Gary Keller-

**1. Welcome**

Welcome back to all staff and learners for 2017. A special word of welcome to all our new learners and staff who are joining us.

*The new staff members are:* Mr Chris Greeff and Mr Renier van Wyk (both High School), Mr Johann Lombard - Gr 5, Ms Febe Ebersohn from the Intermediate phase to the High School and Ms Anke Basson - Speech Therapist.

Congratulations to Mr Jaco Mitton and Ms Dorette de Lange on their marriage. We trust they will be very happy together. We also congratulate Ms Dalinda Somers on her engagement.

**2. Information Evenings (16 - 19 January 2017) - 18:30**

Our information evenings are from **16 January to 19 January 2017**. We request that all our parents attend these meetings to get the information for the New Year. Teachers will also be introduced. **These evenings will commence at 18:30.**

16 January - Foundation Phase Gr 1 - 3

17 January - Intermediate Phase Gr 4 - 6

18 January - Senior Phases Gr 7 - 9

19 January - FET Gr 10 - 11

23 January - Gr 12

**3. Bus Tickets and School Fees**

These are payable at Ms Rina la Grange. Learners must get bus tickets before they will be allowed on the bus.

**4. Subsidies**

Parents may apply for a subsidy on school fees. If no applications are received, parents will be held responsible for the full amount. **Please note:** *Subsidies will be granted on a sliding scale which is provided by the Department.*

**5. Appointments**

We request that parents must make appointments to visit staff members. We can unfortunately not allow staff to leave their classrooms for this reason. The deputy principals also teach, but are more readily available if an appointment is made.

6. **School times**

Learners must adhere to school times and parents are requested to drop them off **timeously**.

School starts at exactly 7:30 and closes at 14:00. Should there be a problem, we ask that you phone the school or come to the office in person. Appointments at the doctor, etc. must please be made after school hours.

7. **Clothing Store**

School clothes can also be bought at the school's clothing store. Jerseys - new and second hand clothing can be purchased from Ms R la Grange.

8. **Code of Conduct**

We expect that all learners will be dressed according to the Code of Conduct. Boys must also be clean shaven and their hair according to the rules. We request that parents assist us so that all our learners adhere to the Code of Conduct.

We trust that it is going to be a wonderful year. Our best wishes and prayers accompany you for 2017.

Greetings

---

**Mr T Groenewald**  
Principal

---

**Mr C van Wyk**  
Vice Principal (H/S)

---

**Ms A Niehaus**  
Vice Principal (P/S)